

15 April 2 Korintiërs 12:19-21 en 13:10-13, (Teks: 13:11b)

Liefde en vrede

Die Korintiërs moet vasstel of hulle "in die geloof lewe" (vers 5). Twis, naywer, toorn selfsug, laster, opgeblasenheid, dreig om hulle geestelik te verwoes. Daar moet liefde en vrede in die gemeente kom. Die afkeer van liefde en vrede slaan mense innerlik lam. Liefde en vrede kan nie van mekaar geskei word nie. Wie in vrede wil lewe, moet lewe volgens God se wet. Die vernaamste eis van God se wet is liefde - liefde tot God en liefde tot die naaste. Wie hierin dwaal versteur die vrede tussen mense. Dit is die probleem in Korinte. Twis, naywer, jaloesie, selfsug, laster, venyn, worstel in 'n lewe wat God verloor het. Daarom Paulus se oproep: "Streef na die geestelike volwassenheid, wees eensgesind, leef in vrede" (vers 11a). Die resultaat: "En die God van liefde en vrede sal by julle wees". Die God van liefde en vrede begeer die orde en opbou van sy gemeente. Die eensgesindheid moet tot uiting kom in 'n lewe van vrede met die medemens (Rom. 12:18; 1 Tes. 5:13). Waar hierdie deugde beoefen word woon die God van liefde en vrede. Waar Paulus die gemeente maan tot liefde en vrede, wys hy heen op God wat die bewerker is van liefde en vrede. In Christus, deur sy soenbloed, het God die haat en stryd wat deur die sonde gekom het oorwin. Omdat hulle as gemeente die liggaam van Jesus Christus is, kan die Korintiërs in liefde en vrede leef.

Sing: Skrifberyming 33:1

Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)